HOËRSKOOL RANDBURG

Spesifieke Oueromsendbrief nr. 57 van 2026

30 April 2026

Beste Matriekouers

MATRIEKAFSKEID 2026

Graag deel ons met u inligting rakende die Matriekafskeid. Die spesiale geleentheid word met behulp van die skool en matriekouers gereël. Die onkoste word nie deur skoolfonds gedek nie en matriekouers moet sélf die geleentheid finansier.

Die komitee doen baie moeite om uitgawes te beperk en nog steeds 'n spoggeleentheid te bewerkstellig en soos, u weet, het ons die Valentynsbal aangebied wat 'n redelike bedrag ingesamel het om die kostes te help sny.

Die Matriekafskeid sal op Saterdagaand, 19 September 2026 by die skool plaasvind.

Ons versoek vriendelik dat elke matriekouer die volgende betalingsplan per leerling sal volg:

Eenmalig: R750

of

Afbetaling:

31 Mei:	R250.00
30 Junie:	R250.00
31 Julie:	R250.00
TOTAAL:	**R750.00**

Indien die matrikulant 'n buite-metgesel (m.a.w. nie 'n matrikulant van Hoërskool Randburg nie of 'n Randburg leerder in graad 11) bring, is daar 'n addisionele koste van **R900.00**, d.w.s:

R750.00 + R900.00 = R1,650.00.

Gebruik asb die ***d6 Connect toep*** vir hierdie betaling om dit so maklik as moontlik vir die finansieskantoor van die skool te maak.

Sou u per EFT wil betaal, gebruik asseblief die volgende betalingsbesonderhede:

ABSA Randburg
Rekeningnommer: 170680065
Takkode: 632005
Verwysingsnommer: **M/A leerdertoelatingsnommer en naam**

Enige ander navrae kan by Me. Ria Hoar aan ontvangs@hsrandburg.co.za gerig word.

Vriendelike Randjiegroete

R. Hoar
Organiseerder

P. Booysen
Skoolhoof